higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Eerste Vraestel)

NKR VLAK 3

(76001023)

28 Februarie 2018 (Y-Vraestel)
13:00–15:30

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 ½ UUR
PUNTE: 120

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf slegs met BLOU of SWART ink.
5. Laat minstens DRIE reëls na elke vraag oop.
6. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.
7. Skryf netjies en leesbaar.

NCED

AFDELING A

VRAAG 1

Kies 'n term van KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Luister meer gedurende geleer	A	netwerk
1.2	Versprei gerugte by die kantoor	B	mnemoniese tegnieke
1.3	Hou van professionele kontakte	C	visuele leerder
1.4	Verhoogde herroeping van inligting	D	onproduktiewe gedrag
1.5	Gebruik breinkaarte gedurende leer	E	etiek
		F	werknabootsing
		G	ouditiewe leerder
		H	taktiese leerder

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

2.1 Wanneer iemand se immuunstelsel verswak is, is die kans om TB te ontwikkel kleiner.

2.2 *Korrupsie* beteken gedrag wat moreel aanvaarbaar is.

2.3 ‘n Slagoffer wat byna verdrink het of ‘n swemmer wat onder spanning verkeer moet dadelik gehelp word.

2.4 Deur die nag voor ‘n eksamen wakker te bly help dat jy beter onthou.

2.5 Tuberkulose beïnvloed slegs die longe.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde neer te skryf. Skryf slegs die woord of woorde langs die vraagnommer (1.1-1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

3.1 'n … is 'n maklike manier om idees van verskillende verbondenheid met mekaar te verbind deur 'n visuele oorsig te skep.

3.2 Om … te wees beteken dat jy jou sienswyse kan stel sonder dat jy andere of jouself ontstel.

3.3 Die woord KPR staan vir …

3.4 … is die lewenswyse van 'n spesifieke groep mense.

3.5 Om mense te oordeel sonder dat jy hulle ken word ... genoem.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (4.1-4.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

4.1 Afkeer in mense van 'n ander etnisiteit

4.2 Diskriminasie teen iemand as gevolg van ras

4.3 Sterkte en krag om deur swaarkry en moeilike tye te kom

4.4 'n Groot groep mense doelbewus dood te maak

4.5 Afkeer in mense van ander lande

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

Almal het die reg om te weier wanneer iemand hulle onder druk plaas om iets te doen wat nie vir hulle reg of goed is nie.

5.1 5.1.1 Verduidelik hoekom mense dit so moeilik vind om groepsdruk te hanteer. (5)

5.1.2 Gewaagde gedrag kan iemand se lewe bedreig.

Noem VYF situasies wat tot die risiko van afspraakverkragting kan lei. (5)

5.2 Noem VIER waarskuwingstekens van seksuele teistering by die werkplek. (4)

5.3 Noem DRIE voorsorgmaatreëls wat jy as teenvoeter teen seksuele teistering by die werk kan tref. (6)

[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

Geestelike gesondheid is ‘n vlak van psigologiese welstand, of ‘n die afwesigheid van geestesiekte. Dit is die psigologiese toestand van iemand wat op ‘n aanvaarbare vlak van emosionele en gedragsaanpassing funksioneer.

6.1 Gee DRIE voorbeelde van geestelike welstand. (3)

6.2 Gee VIER opsigte hoe geestelike welstand werkproduktiwiteit beïnvloed in. (4)

6.3 Verduidelik TWEE voordele van ‘n welstandsprogram vir werknemers. (4)

6.4 Noem VIER kriteria van ‘n welstandsprogram vir werknemers. (4)

6.5 Boelie by die werkplek gebeur soms sonder dat mense besef hulle word geboelie.

6.5.1 Beskryf die term *boelie* (2)

6.5.2 Verduidelik hoe boelie in die werkplek kan plaasvind (4)

6.6 Noem VIER voorsorgmaatreëls wat jy kan tref om boelie by die werk te beëindig. (4)

[25]

NCV

VRAAG 7

MIV/VIGS is ‘n ernstige gesondheidsaak.

7.1 7.1.1 Bespreek hoe kennis van jou status jou sal help om die verspreiding van MIV- en VIGS-infeksie te voorkom.

Bespreek DRIE punte. (6)

7.1.2 Noem VIER stappe wat jy kan volg om jou immuunstelsel te versterk sodat jy teen MIV en VIGS kan veg. (4)

7.1.3 Noem DRIE voorbeelde van seksueeloordraagbare siektes. (3)

7.2 Verduidelik wat met die term *konflik* bedoel word. (2)

7.3 Beskryf die volgende strategieë van konflikoplossing:

7.3.1 Mediasie

7.3.2 Onderhandeling

7.3.3 Arbitrasie

7.3.4 Probleemoplossing

7.3.5 Luister

(5 × 2) (10)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 50

NCV

AFDELING C

VRAAG 8

Bestudeer die stelling hier onder en beantwoord die vrae.

Een van my kernwaardes is diversiteit van alles – Brad Feld.

8.1 Verduidelik die konsep *diversiteit*. (2)

8.2 Bespreek VYF voordele van respek vir diversiteit in die werkplek. (5)

8.3 Gee VIER voorbeelde van hoe jy respek aan kollegas van verskillende kulture kan betoon. (4)

8.4 Verduidelik hoekom diskriminasie as skending van menseregte beskou word. (2)

8.5 Noem DRIE voorsorgmaatreëls om diskriminasie in die werkplek te bestry. (6)

8.6 Noem DRIE beskikbare ondersteuningstrukture teen skending van menseregte. (3)

8.7 Hope het oor die voorkoming van ongelukke wat in water plaasvind geleer. Een van die onderwerpe was hoe om KPR te gebruik om lewens te red.

8.7.1 Noem VIER basiese stappe van eerstehulp oor hoe om ‘n slagoffer wat amper verdrink het te help. (4)

8.7.2 Noem TWEE voorsorgmaatreëls wat jy kan tref om ongelukke wat in water plaasvind te voorkom.

(2 × 2) (4)

TOTAAL AFDELING C: 30
GROOTTOTAAL: 120

Kopiereg voorbehou